

# DIE TWEEDE BRIEF AAN TIMOTEUS

## Inleiding

*Die Tweede Brief aan Timoteus* maak saam met *1 Timoteus* en *Titus* deel uit van die sogenaamde Pastorale Briewe. Hierdie briewe word so genoem, omdat hulle bedoel was om pastorale leiding aan die leiersfigure in sekere gemeentes te gee.

Tradisioneel word aanvaar dat Paulus hierdie brief kort voor sy dood in ongeveer 64 nC geskryf het, terwyl hy vir die tweede keer in Rome in gevangenskap was (1:8,16; 2:9 — vgl ook die inleiding tot *Efesiërs*).

Die skrywer identifiseer homself as die apostel Paulus (1:1). Weens die styl, besondere omstandighede en sekere teologiese aspekte van hierdie brief, meen heelwat geleerdes dat dit in 'n later stadium deur 'n toegewyde volgeling van Paulus in die naam van sy leermeester geskryf is. Nietemin is daar goeie oorwegings vir die aanvaarding van die tradisionele standpunt dat Paulus die outeur van hierdie brief was.

Hierdie brief word, soos *1 Timoteus*, gerig aan Paulus se geloofskind Timoteus (1:2). Timoteus tree op as gemeenteleier, waarskynlik in Efese (vgl 1 Tim 1:3; 2 Tim 1:18). *2 Timoteus* is Paulus se laaste skrywe voor sy dood. Hy kyk oor sy lewe terug en gee sy afskeidsopdragte aan Timoteus. Daarom word *2 Timoteus* deur baie vakkundiges as Paulus se geestelike testament gekarakteriseer.

Die hooftema van die brief is die wyse waarop 'n evangeliedienaar sy werk in die gemeente moet verrig. Met Paulus as sy bedieningsmodel, moet

Timoteus moedig in sy roeping volhard (1:6 — 2:13). Hy ontvang verskeie bedieningsopdragte (2:14-26), en word onder meer gewaarsku om nie by allerlei praatjies en stryery, onder meer oor die opstanding, betrokke te raak nie (2:14,16-18,23). Timoteus word verder gewaarsku oor die moeilike tye wat in die laaste dae voorlê (3:1-9), en vir oulaas bemoedig om te midde van alles tot die einde te bly volhard (3:10 — 4:8).

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-2 Briefaanhef

1:3-5 Danksegging

1:6 — 2:13 Getrouheid aan roeping

2:14-26 Leiding aan die gemeente

3:1-9 Toekomstige moeilike tye

3:10 — 4:8 Volharding in die leer

4:9-21 Laaste opdragte en groete

4:22 Seëngroet

## 1

<sup>1</sup> Paulus, 'n •apostel van •Christus Jesus deur die wil van God in ooreenstemming met die belofte van die lewe in Christus Jesus,

<sup>2</sup> aan<sup>a</sup> Timoteus, my geliefde kind:

Genade, barmhartigheid en vrede van God, die Vader, en Christus Jesus ons Here.

### Danksegging

<sup>3</sup> Ek is dankbaar teenoor God, wat ek, soos my voorouers,<sup>\*</sup> met 'n skoon gewete dien,<sup>\*</sup> wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan

---

<sup>a</sup>**1:2 aan:** In die formele briefstyl soos deur die skrywer gebruik, ontbreek die werkwoord wat in die gedagte aangevul moet word, naamlik “skryf” aan.

<sup>\*</sup>**1:3 soos my voorouers:** Fil 3:5

<sup>\*</sup>**1:3 met ... dien:** Hand 23:1; 24:16

jou dink. <sup>4</sup> As ek aan jou trane terugdink, verlang ek daarna om jou te sien sodat ek met blydschap vervul kan word. <sup>5</sup> Ek dink steeds aan jou opregte geloof, daardie geloof wat eers in jou ouma Loïs\* en in jou ma Eunice was — en ek is oortuig dat dit ook in jou is.

### Getrouheid aan roeping

<sup>6</sup> Om hierdie rede herinner ek jou om die genadegawe van God wat in jou is deurdat ek jou die hande opgelê het, opnuut aan te vuur.\* <sup>7</sup> God het ons tog nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie,\* maar van krag en liefde en selfbeheersing. <sup>8</sup> Moet jou dus nie skaam vir die getuienis van ons Here nie, ook nie vir my, sy gevangene, nie. Maar dra jou deel van die lyding vir die evangelie deur middel van die krag van God.\*

<sup>9</sup> Hy het ons verlos en geroep  
met 'n heilige roeping —  
nie op grond van ons dae nie,  
maar op grond van sy eie besluit en genade.\*  
Reeds van ewigheid af is dit  
in •Christus Jesus aan ons geskenk  
<sup>10</sup> en nou is dit geopenbaar  
deur die verskyning van ons Verlosser, Christus Jesus,  
wat die dood vernietig het,\*  
en die lewe en die onverganklikheid  
deur die evangelie aan die lig gebring het.

---

\* **1:5 jou ouma Loïs:** Hand 16:1

\* **1:6 die genadegawe ... vuur:** 1 Tim 4:14

\* **1:7 God ... gegee nie:** Rom 8:15

\* **1:8 vir die ... God:** Rom 1:16

\* **1:9 Hy ... genade:** Ef 2:8-9; Tit 3:5

\* **1:10 ons Verlosser ... vernietig het:** 1 Kor 15:55,57; Heb 2:14

<sup>11</sup> \*Hiervoor is ek as prediker, •apostel en leraar aangestel. <sup>12</sup> Daarom ly ek ook hierdie dinge, maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek nog altyd my vertrouwe stel en ek is oortuig dat Hy magtig is om die pand wat aan my toevertrou is, tot op daardie dag te bewaar. <sup>13</sup> Hou as voorbeeld van die suiwer leer<sup>b</sup> vas aan dit wat jy van my gehoor het; doen dit in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is. <sup>14</sup> Bewaar die kosbare pand\* wat aan jou toevertrou is deur die Heilige Gees wat in ons woon. <sup>15</sup> Jy weet dat almal in Asië,<sup>c</sup> onder wie ook Figelus en Hermogenes, die rug op my gedraai het.\* <sup>16</sup> Mag die Here barmhartigheid bewys aan Onesiforus se huisgesin, want hy het my dikwels opgebeur en hom nie vir my boeie geskaam nie; <sup>17</sup> inteendeel, toe hy in Rome was, het hy ywerig na my gesoek en my gevind. <sup>18</sup> Mag die Here gee dat hy op daardie dag barmhartigheid by Hom vind.\* Jy weet tog baie goed hoeveel diens hy in Efese aan my<sup>d</sup> bewys het.

## 2

<sup>1</sup> Jy dan, my kind, wees sterk deur die genade in •Christus Jesus, <sup>2</sup> en dra dit wat jy deur baie getuies van my gehoor het, oor aan betroubare mense wat bekwaam sal wees om ook ander te onderrig. <sup>3</sup> Verduur jou deel van die ontbering soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus. <sup>4</sup> 'n

---

\***1:11** 1 Tim 2:7

<sup>b</sup>**1:13 suiwer leer:** Letterlik 'gesonde woorde'.

\***1:14 Bewaar ... pand:** 1 Tim 6:20

<sup>c</sup>**1:15 Asië:** 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

\***1:15 almal ... gedraai het:** 2 Tim 4:16

\***1:18 Mag ... vind:** Jud vs 21

<sup>d</sup>**1:18 aan my:** Ontbreek in die meeste mss, maar word veronderstel.

Soldaat raak nie verstrik in sake van die alledaagse lewe nie, sodat hy sy bevelvoerder tevrede kan stel. <sup>5</sup> Verder word 'n atleet wat aan 'n wedloop deelneem, nie bekroon as hy nie volgens die reëls meeding nie. <sup>6</sup> \*Die landbouer wat die harde werk doen, moet eerste van die oes kry. <sup>7</sup> Dink na oor wat ek sê, want die Here sal jou insig gee in al hierdie dinge.

<sup>8</sup> Onthou altyd dat Jesus Christus, uit die nageslag van Dawid,\* opgewek is uit die dood\* volgens my evangelie,<sup>e</sup> <sup>9</sup> \*waarvoor ek verdrukking ly — selfs in boeie, soos 'n misdadiger. Maar die woord van God is nie geboei nie! <sup>10</sup> Daarom verduur ek dit alles ter wille van die uitverkorenes,\* sodat ook hulle die verlossing in Christus Jesus met ewige heerlikheid kan verkry. <sup>11</sup> Dié uitspraak is betroubaar:

As ons saam met Hom gesterf het,  
sal ons ook saam met Hom leef;  
<sup>12</sup> as ons aanhou volhard,  
sal ons ook saam met Hom regeer;  
as ons Hom verloën,  
sal Hy ons ook verloën;\*  
<sup>13</sup> as ons ontrou is,  
Hy bly getrou,\*  
want Hy kan Homself nie verloën nie.\*

---

\*2:6 1 Kor 9:7,10

\*2:8 uit ... Dawid: Rom 1:3

\*2:8 Jesus ... dood: 1 Kor 15:4,20

<sup>e</sup>2:8 my evangelie: Die evangelie wat Paulus verkondig.

\*2:9 Ef 3:1; Fil 1:12-14

\*2:10 verduur ... uitverkorenes: Kol 1:24

\*2:12 as ons Hom ... ook verloën: Matt 10:33; Luk 12:9

\*2:13 as ons ... getrou: Rom 3:3-4

\*2:13 want ... verloën nie: Num 23:19; Tit 1:2

## Leiding aan die gemeente

<sup>14</sup> Herinner hulle aan hierdie dinge, en waarsku hulle ernstig voor God om nie te stry oor nuttelose woorde\* wat dié wat dit aanhoor, ten gronde rig nie. <sup>15</sup> Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie,\* wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui. <sup>16-17</sup> Vermy die goddelose, leë praatjies van mense, onder wie Himeneus\* en Filetus, want hulle sal toenemend goddeloos word en hulle woorde sal soos 'n kanker versprei. <sup>18</sup> Hulle het van die waarheid afgedwaal deur te sê dat die opstanding reeds plaasgevind het, en sodoende gooi hulle sommige se geloof omver. <sup>19</sup> Maar tog staan die fondament van God stewig, met hierdie inskripsie: “Die Here ken diegene wat aan Hom behoort”\* en: “Laat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, die rug op ongeregtigheid keer.”\* <sup>20</sup> In 'n groot huis is daar nie net goue en silwer voorwerpe nie, maar ook voorwerpe van hout en klei — sommige is vir fatsoenlike gebruik, ander onfatsoenlik.<sup>f</sup>

<sup>21</sup> As iemand homself dan gereinig het van hierdie dinge, sal hy 'n fatsoenlike voorwerp wees: afgesonder, bruikbaar vir die Eienaar, geskik vir elke goeie werk.\* <sup>22</sup> \*Vlug weg van die begeertes van die jeug en streef, saam met diegene wat die Here met 'n rein hart aanroep, na

---

\*2:14 om nie ... woorde: 1 Tim 6:4; Tit 3:9

\*2:15 werker ... skaam nie: 1 Tim 4:6; Tit 2:7-8

\*2:16-17 Vermy ... mense: 1 Tim 4:7; Himeneus: 1 Tim 1:20

\*2:19 Die Here ... behoort: Num 16:5; Joh 10:14; 1 Kor 8:3

\*2:19 Laat ... keer: Num 16:26

<sup>f</sup>2:20 vir fatsoenlike ... onfatsoenlik: Letterlik ‘tot eer en tot oneer’. Fatsoenlike voorwerpe was vir spesiale geleenthede bedoel en onfatsoenlike voorwerpe vir huishoudelike of menslike afval. Word ook vertaal “kosbaar” en “alledaags”.

\*2:21 bruikbaar ... werk: 2 Tim 3:17

\*2:22 1 Tim 6:11

regverdigheid, geloof, liefde en vrede; <sup>23</sup> maar vermy die dwase en afbrekende twisgesprekke,\* omdat jy weet dat dit aanleiding gee tot rusies. <sup>24</sup> 'n Dienskneg van die Here moenie rusie maak nie,\* maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig, geduldig, <sup>25</sup> iemand wat teenstanders met sagtheid tereg wys. Miskien mag God hulle tot bekering bring sodat hulle die waarheid kan ken.\* <sup>26</sup> en hulle tot hulle sinne laat kom — vry van die strik van die Duiwel, deur wie hulle gevange gehou word om te doen wat hý wil hê.

### 3

#### Toekomstige moeilike tye

<sup>1</sup> Dit moet jy weet: In die laaste dae\* gaan daar moeilike tye kom, <sup>2</sup>\* want die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig, aanmatigend, godslasterlik, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, goddeloos, <sup>3</sup> ongevoelig, genadeloos, beledigend, sonder selfbeheersing, wreed, sonder liefde vir die goeie, <sup>4</sup> verraaiers, roekeloos, hooghartig, lief vir plesier, eerder as vir God, <sup>5</sup> mense wat wel 'n skyn van godvresendheid voorhou,\* maar wat die krag van godvresendheid misken. Bly weg van sulke mense. <sup>6</sup> Want onder hulle is daar diegene wat huisgesinne binnedring en ligsinnige vroue, oorlaai met sondes, hulle prooi maak;\* vroue wat voortgedryf word deur allerlei begeertes,

---

\*2:23 maar ... twisgesprekke: 1 Tim 4:7

\*2:24 'n Dienskneg ... maak nie: 1 Tim 3:3; Tit 1:7

\*2:25 Miskien ... ken: 1 Tim 2:4

\*3:1 In ... dae: 1 Tim 4:1

\*3:2-4 Rom 1:29-31

\*3:5 mense ... voorhou: Matt 7:15,21; Rom 2:20; Tit 1:16

\*3:6 diegene ... maak: Tit 1:11

<sup>7</sup> wat altyd aan die leer is, maar nooit tot volle begrip van die waarheid kan kom nie.\* <sup>8</sup> En soos Jannes en Jambres hulle teen Moses verset het,\* net so verset hierdie mense hulle teen die waarheid, mense wat korrup is in hulle denke\* en onbetroubaar in hulle geloof. <sup>9</sup> Maar hulle sal nie baie ver kom nie, want hulle dwaasheid sal vir almal duidelik wees, soos dit ook met Jannes en Jambres die geval was.

### **Volharding in die leer**

<sup>10</sup> Jy het my egter nougeset nagevolg in leer, lewenswandel, voorneme, geloof, geduld, liefde en volharding; <sup>11</sup> ook vervolging en lyding, soos wat ek in Antiogië,\* Ikonium\* en Listra\* ervaar het. Watter vervolgings ek ook al verduur het — die Here het my van alles gered!\* <sup>12</sup> \*Almal wat godvresend in •Christus Jesus wil leef, sal inderdaad vervolg word.

<sup>13</sup> Slegte mense en bedrieërs sal van kwaad tot erger gaan, deurdat hulle ander mislei, en mislei word. <sup>14</sup> Maar jy, bly jy by dit wat jy geleer het en waarvan jy vas oortuig is, omdat jy weet by wie jy dit geleer het\* <sup>15</sup> en

---

\***3:7 tot ... kom nie:** 2 Tim 2:25

\***3:8 Jannes ... verset het:** Eks 7:11,22

\***3:8 mense wat ... denke:** 1 Tim 6:5

\***3:11 in Antiogië:** Hand 13:50

\***3:11 Ikonium:** Hand 14:5

\***3:11 Listra:** Hand 14:19

\***3:11 die Here ... gered:** Ps 34:20

\***3:12** Matt 16:24; Joh 15:20; Hand 14:22

\***3:14 omdat ... geleer het:** 2 Tim 2:2



omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus.\* <sup>16</sup> Elke Skrifdeel<sup>g</sup> is deur God geïnspireer<sup>h\*</sup> en is nuttig vir onderrig,\* weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam<sup>i</sup> <sup>17</sup> sodat die mens wat aan God behoort<sup>j</sup> bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak.\*

## 4

<sup>1</sup> Ek vermaan jou ernstig voor God en •Christus Jesus wat die lewendes en die dooies gaan oordeel,\* en ook met die oog op sy verskyning en sy koninkryk: <sup>2</sup> Verkondig die woord, hou tydig en ontydig aan,\* weerlê, bestraf, bemoedig in alle geduld en deur lering. <sup>3</sup> Want daar kom 'n tyd wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie,\* maar omdat hulle ore gestreel wil word deur wat hulle hoor, sal hulle vir hulleself leermeesters na eie begeerte uitsoek. <sup>4</sup> Hulle sal hulle doof hou vir die waarheid en hulle tot versinsels wend.\*

<sup>5</sup> Maar bly jy in alles nugter, verduur jou lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, beoefen jou bediening voluit. <sup>6</sup> Want ek

---

\***3:15** wat jou ... Jesus: Joh 5:39

<sup>g</sup>**3:16** Elke Skrifdeel: Word ook vertaal “Die hele Skrif”.

<sup>h</sup>**3:16** deur God geïnspireer: Letterlik ‘God-geadem’.

\***3:16** Elke ... geïnspireer: 2 Pet 1:21

\***3:16** nuttig vir onderrig: Rom 15:4

<sup>i</sup>**3:16** om ... gehoorsaam: Letterlik ‘in •geregtigheid’.

<sup>j</sup>**3:17** mens ... behoort: Letterlik ‘mens van God’.

\***3:17** ten ... taak: 2 Tim 2:21

\***4:1** Christus ... oordeel: Hand 10:42; Rom 14:9-10; 1 Pet 4:5

\***4:2** hou ... aan: Hand 20:20,31

\***4:3** Want ... verdra nie: 1 Tim 4:1

\***4:4** hulle tot ... wend: 1 Tim 4:7; Tit 1:14

word reeds as drankoffer uitgegiet<sup>k</sup> en die tyd van my dood is naby. <sup>7</sup> Ek het die goeie stryd gestry,<sup>\*</sup> ek het die wedloop voltooi, ek het die geloof behou. <sup>8</sup> Nou wag die oorwinningskrans<sup>l</sup> van •geregtigheid op my,<sup>\*</sup> wat die Here, die regverdige Regter, op daardie dag vir my sal gee — en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat sy koms liefhet.

### Laaste opdragte en groete

<sup>9</sup> Doen jou bes om gou na my toe te kom, <sup>10</sup> want Demas<sup>\*</sup> het my verlaat: Hy het die huidige wêreld liefgekry en na Thessalonika vertrek, Kressens na Galasië en Titus<sup>\*</sup> na Dalmasië. <sup>11</sup> Net Lukas<sup>\*</sup> is nog by my. Gaan haal vir Markus<sup>\*</sup> en bring hom saam met jou, want hy is vir my baie nuttig in die bediening. <sup>12</sup> Tigikus<sup>\*</sup> het ek na Efese gestuur. <sup>13</sup> Wanneer jy kom, bring die mantel saam wat ek in Troas<sup>\*</sup> by Karpus agtergelaat het, en ook die boekrolle, veral die perkamente. <sup>14</sup> Aleksander,<sup>\*</sup> die kopersmid, het my baie kwaad aangedoen. Die Here sal hom volgens sy dade vergeld.<sup>\*</sup> <sup>15</sup> Wees ook jy op jou hoede vir hom, want hy het ons woorde heftig teengestaan. <sup>16</sup> Tydens my eerste

---

<sup>k</sup>4:6 as ... **uitgegiet:** Drankoffer is die offerhandeling waarby water, olie of wyn uitgegiet is; vgl Fil 2:17; 2 Tim 4:6.

<sup>\*</sup>4:7 Ek ... **gestry:** 1 Tim 6:12

<sup>l</sup>4:8 **oorwinningskrans:** Die beeld verwys na die lourierkrans wat oorwinnaars by destydse spele ontvang het.

<sup>\*</sup>4:8 **Nou ... op my:** 1 Kor 9:25; Fil 3:14; 2 Tim 2:5; Jak 1:12; 1 Pet 5:4; Op 2:10

<sup>\*</sup>4:10 **Demas:** Kol 4:14; Filem vs 24

<sup>\*</sup>4:10 **Titus:** 2 Kor 8:23; Gal 2:3; Tit 1:4

<sup>\*</sup>4:11 **Lukas:** Kol 4:14; Filem vs 24

<sup>\*</sup>4:11 **Markus:** Hand 12:12,25; 13:13; 15:37-39; Kol 4:10; Filem vs 24

<sup>\*</sup>4:12 **Tigikus:** Hand 20:4; Ef 6:21-22; Kol 4:7-8

<sup>\*</sup>4:13 **Troas:** Hand 20:6

<sup>\*</sup>4:14 **Aleksander:** 1 Tim 1:20

<sup>\*</sup>4:14 **Die Here ... vergeld:** 2 Sam 3:39; Ps 28:4; 62:13; Spr 24:12; Rom 2:6

verdediging het niemand my bygestaan nie; inteedeel, almal het my in die steek gelaat.\* Mag dit hulle nie toegereken word nie! <sup>17</sup> Die Here het my egter ondersteun\* en my versterk, sodat ek die verkondiging kon voltooi en al die heidene dit kon hoor,\* en ek is uit die bek van die leeu gered.\* <sup>18</sup> Die Here sal my van elke bose daad red en Hy sal my verlos met die oog op sy hemelse koninkryk. Aan Hom die heerlikheid vir ewig en ewig! •Amen.

<sup>19</sup> Stuur groete vir Priska en Akwila,\* en Onesiforus se huisgesin.\*

<sup>20</sup> Erastus\* het in Korinthe gebly, Trofimus\* het ek siek in Milete agtergelaat. <sup>21</sup> Doen jou bes om nog voor die winter te kom. Eubulus en Pudens en Linos en Claudia en al die broers<sup>m</sup> stuur vir jou groete.

### Seëngroet

<sup>22</sup> Die Here bly met jou gees. Die genade bly met julle.

---

\* **4:16 almal ... gelaat:** 2 Tim 1:15

\* **4:17 Die Here ... ondersteun:** Hand 27:23

\* **4:17 sodat ek ... hoor:** Hand 23:11

\* **4:17 ek is ... gered:** Ps 22:22; Dan 6:22; 1 Mak 2:60

\* **4:19 Priska en Akwila:** Hand 18:2

\* **4:19 Onesiforus se huisgesin:** 2 Tim 1:16-17

\* **4:20 Erastus:** Hand 19:22; Rom 16:23

\* **4:20 Trofimus:** Hand 20:4; 21:29

<sup>m</sup>**4:21 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.